

25 Augustus 2019

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



## Hebreërs 12: 18-29

### ons storie ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

Om God te dien eindig nie Sondagoggend aan die einde van die erediens nie, dit begin eintlik Maandagoggend. Wat dink julle oor hierdie stelling?

Wat is die onwankelbare koninkryk wat ons ontvang het? Hoe verskil die waardes van hierdie koninkryk van ons wêreld se waardes?

Hoekom moet ons dankbaar wees vir die onwankelbare koninkryk? Op watter maniere wys ons dankbaarheid (sien verse 25-29)?

In die teksgedeelte raak ons bewus van 'n tyd voor Jesus en die tyd na Jesus se koms? Hoe sien julle die verskil in die teks raak? Wat is die effek van elkeen? Hoe speel die verskil vandag nog steeds uit?

### word stil

Lees Psalm 71: 1-8 as 'n gebed.

Dink na oor vers 5-6 en hoe jy dit deur jou lewe beleef het.

### ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:

Hoe kan jy in die komende week vir "God dankbaar dien met eerbied en ontsag?" Ook teenoor ander mense.

### GOD se storie

wat sê die Bybel

Lees saam  
Hebreërs 12: 18-29

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

### na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

### GOD se storie

gesels hieroor na

### bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.



Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Waarom word die lesers herinner in verse 18-21? Wat is die doel van die verskynsels wat genoem word? Wat leer dit ons oor God?

Hoekom is die Sionsberg betekenisvol? Sien ook Psalm 48:1-3 in die verband. Hoe verskil dit van Moses se berg soos beskryf vanaf vers 18?

Watter waarskuwing vind ons in verse 25-27?